

20 April

Skrifgedeelte: Lukas 16:19-31
Fokusgedeelte: Lukas 16:22b

Waar sal ek wees na my dood?

Opvallend ... die oomblik toe die ryk man sterwe, was daar probleme. Geen ereplek vir hom langs Abraham nie, maar hy bevind homself in die “*ander plek*” in die doderyk. Pynplek so totaal anders as die paradysdeel van die doderyk waar Lasarus kon tuiskom. “*Ereplek*” en “*pynplek*” in die doderyk.

Sonder twyfel, dié Skrifgedeelte leer dat die liggaamlike dood van elke mens onmiddelik óf ’n ramp óf ’n seën is. Die dood is inderdaad vir almal nie noodwendig dieselfde nie! Vir sommige mense (vgl. Luk. 16:23, 24) wag daar naamlose ellende direk na hulle dood. Nog nie die hel nie, maar inderdaad die voorportaal van die hel.

So lees ons. Toe die ryk man in die doderyk in pyn verkeer, kyk hy op ... Sy tong droog en juis dan steur hy hom aan Lasarus. Kan Lasarus nie net sy tong met ’n druppel water afkoel nie? Die rykman in die voorportaal van die hel: pyn, wroeging, vuur en dors ... God se toorn ’n werklikheid!

Die “*ander plek*” in die doderyk. Die rykman verlore oor wat hy op die aarde nie gedoen het nie. Vir ewig verlore, omdat hy geen liefde gehad het nie. Die bedrewe egoïs. Op aarde nie ’n broodkrummel vir Lasarus nie; nou in die “*ander plek*” nie ’n waterdruppel vir die ryk man nie. Inderdaad, ’n mens se aardse lewe is bepalend vir jou manier van sterwe! Die doderyk ja, maar waar in die doderyk? “*Paradysplek*” of “*ander plek*”?

Die rykman het ook gesterwe ... Die vergestaltung van elke mens wat op hierdie ou aarde verganklike koninkryke gevestig en uitgebou het. Van niks en niemand iets nodig nie, maar dan in die doderyk smag na ’n druppel water. Die “*hier*” bepaal die “*daar*”. Die lewe bepalend vir die doderyk én uiteindelik bepalend vir die ingaan in God se koninkryk!

Waar sal ek wees na my dood? “*Paradysplek*” of in die “*ander plek*”? Here, bewaar my om Christus wil van die “*ander plek*”. Leer my na U wil te handel, reg te lewe en eendag tuis te kom in die huis van my Vader.

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Dr. PH Heystek (Pretoria-Montanapoort)